

Lééf in oorwinning

Zandré du Preez (31) van Krugersdorp het in agt jaar meer terugslae oorleef as wat baie mense in 'n leeftyd ervaar. Tog sien sy God se hand in alles wat gebeur het.

deur ILSE SALZWEDEL foto's MARSEL ROTHMAN



Ek was 22 jaar oud en in 'n koma ná 'n ernstige motorongeluk, gekoppel aan lewensondersteunende masjiene. Die dokters het gewonder hoe ek oorleef het: My heup was vergruis, my dybeen het in my baarmoeder ingesteek en afgebreek, my diafragma het geskeur, my lewer het geskuif, my longe het platgeval...

In die hospitaal het ek 'n hemelse nadoode ervaring gehad. God het vir my die keuse gegee: Bly, of gaan terug en gaan saai hoop. Ek het gekies om terug te kom, maar die pad vorentoe was allesbehalwe maklik. Ek was twee weke lank in 'n koma, twee maande in traksie in die hospitaal en nog tien maande daarna in 'n rolstoel. Ek moes weer leer loop en het my werk as 'n lugwaardin vir 'n buitelandse lugredery verloor. Tydens my herstel het ek besef ek wil 'n verskil in ander mense se lewe maak, en die idee van 'n gesondheid- of welstandsentrum is

gebore. God het dit vir my mooi uitgewys: Ons moet ophou om net die simptome van siekte te behandel, en eerder fokus op die oorsake, en liggaam, siel én gees behandel.

Ek het my sentrum begin, en is 'n jaar of twee ná die ongeluk getroud met die wonderlikste man. Ons was saam in die ongeluk, en hy het elke tree van my herstepad saam met my gestap.

Weens my beserings was die kans bitter skraal dat ons ons eie baba sou kon hê. Toe gebeur nog 'n wonderwerk: Binne vier maande ná ons troue was ek swanger! Dit was nie 'n maklike swangerskap nie – ek het nog daaglik pyn gehad weens my beserings, maar my glimlag het reg om my kop gestrek. Danté (nou 5) is 'n maand te vroeg gebore met 'n noodkeisersnee, maar het 'n yslike 4 kg geweeg en was blakend gesond.

Dit was die wonderlikste dag van my lewe. Ek onthou daar was destyds in die hemel hierdie vreemde, heerlike reuk. Ek

kon dit glad nie eien nie, totdat ek Danté die eerste keer in my arms gehou het. Hy het presies soos die hemel geruik.

Daardie eerste keer wat ek hom vasgehou het, het ek vir hom gesê: “Jy’s nou veilig. Ek gaan jou soos goferhout beskerm.” Ek het geen idee gehad hoekom ek juis na goferhout verwys nie, totdat ek later gelees het die ark was van goferhout gebou. Hoe profeties was dié woorde nie: Ek en my seuntjie sou nog baie storms en tsoenami’s saam moes oorleef.

Danté was maar agttien maande oud toe my man op 'n aand aankondig hy het 'n verhouding met iemand anders en wil skei.

‘Hy is elke tree langs ons – ons moet Hom net vertrou’

Dit was 'n verskriklike skok. Ek het absoluut niks vermoed nie. Ek het gedink ek gaan nooit ophou huil nie.

Die volgende oggend het ek by my lessenaar gaan sit en vir die Here gevra Hý moet vir my raad gee, en nie mense nie. My oog het op 'n dagstukkige geval, en daar was my antwoord, in Spreuke 3:5-6: “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.” Tot vandag toe onthou ek dit, woord vir woord, want dit het my leuse geword, ook die gebed daarby. “Here, help my om die deure van spyt agter my toe te maak, in die wete dat U reeds vooruit gegaan het om vir my iets selfs beter voor te berei. En help my om nie te veel tyd in die verlede deur te bring dat ek nie die nuwe deure kan sien wat oopmaak nie.”

God het my geleer dat my identiteit in Hom is, en nie in my huwelik nie. Ek het vasgehou aan Sy belofte dat ek ook deur my egskeiding sou kom. Danté was twee jaar en twee maande oud toe leukemie by hom gediagnoseer is. Hy het al maande vroeër simptome gewys, maar die dokters het waarskynlik gedink ek is neuroties. Teen die tyd dat hy gediagnoseer is, kon hy nie meer loop nie, hy was wasbleek met rooi kringe om sy oë, blou kolle oral op sy lyf, en 'n hoë koors wat nie wou breek nie.

Met daardie verskriklike diagnose het dit gevoel of die aarde onder my oopmaak. Hierdie keer was dit baie moeilik om staande te bly, selfs moeiliker as met my egskeiding. Niemand kan jou voorberei op die impak van 'n kankerdiagnose nie. Dit raak elke aspek van jou lewe. Danté was dikwels tussen chemo-behandelings in die hospitaal weens sekondêre infeksies. Ek was konstant langs sy siekbed, en moes die sentrum sluit. Finansieel het dit bitter swaar gegaan. As ek terugkyk, weet ek

eintlik nie hoe ons hierdie tyd oorleef het nie, net dat God gesorg het, dikwels deur ander mense wat kos gebring het. Danté het telkens by die dood omgedraai, maar hy is nou ses maande in remissie.

Ná die oorlog met kanker was ek stukkend. Ek kon nie huil nie. 'n Jaar terug bid ek myself een aand aan die slaap en pleit dat Hy my iets sal gee om die seer te laat gaan. Net voor sonop het 'n beeld my wakker gemaak: 'n gesiggie, 'n engeltjie met 'n wit rokkie en vlerkies. Ek was helder wakker en het haar dadelik gaan skilder. So is Lumin gebore – haar naam is afgelei van die Franse woord “luminaire”, wat lig beteken. Toe ek haar daardie eerste oggend klaar geskilder het, het daar vir die eerste keer 'n enkele traan oor my wang geloop. Skilder is 'n groot deel van my genesing en Lumin het intussen ook al vir baie ander lig en hoop gebring.

As ek terugkyk op die afgelope agt jaar, weet ek God laat my deur dinge gaan sodat ek ander kan help. My lewensdoel is om Sy Lig in donker plekke te skyn.

Lesse wat ek geleer het

[1] Jy sál God se **genade** ervaar as jy die pad stap wat Hy vir jou aanwys. “Toe ek die gesondheidsentrum wou begin, het almal my afgeraai, want ek het niks daarvan geweet nie. Maar God was elke liewe treetjie van die pad daar.”

[2] Spreek **positiewe woorde**, selfs al glo jy dit nie in daardie oomblik nie. “Ek het God dikwels daaraan ‘herinner’ dat Hy gesê het Hy sal alles ten goede laat meewerk vir dié wat in Hom glo. Op daardie manier het ek Lewe oor my lewe gespreek.”

[3] God praat ook met ons deur **stilte**. “As jy in doodse stilte alleen kan wees, dan is jy eintlik piekfyn. Dan kan jy regtig God se stem hóór.”

[4] “My geloof het my deur al die trauma van die afgelope agt jaar staande gehou. Maar my liggaam het al die stres nie goed verwerk nie. Ek het fibromialgie ontwikkel, en borskanker is ook verlede jaar by my gediagnoseer. Gelukkig kon dokters die hele gewas verwyder. Ek het geleer **ons moet na ons-self kyk**, in onself belê en onself koester.”

[5] As ek aan my liefde vir Danté dink, besef ek iets van God se groot liefde vir ons, Sy kinders. Ek dink ons liefde vir ons kinders verteenwoordig dalk maar 1% van **God se liefde vir ons**. Hy is elke tree langs ons – ons moet Hom net vertrou. ■